

Sondag 25 Desember (Kersdag)

Skrifgedeelte: Openbaring 20:1-10

Fokusgedeelte: Openbaring 20:1-10

Satan gebind vir 1000 jaar

Waarom kon die ongelowiges onder die verskillende nasies nog nie saamstaan om teen die gelowiges op te tree nie? Ons weet dit het te doen met die geduld van God wat die geleentheid bied dat die evangelie aan alle nasies verkondig word. Openbaring 20 vertel aan ons dat Satan met een doel gebind is, naamlik: "Sodat hy die nasies nie kan verlei nie."

Met Christus se eerste koms het Satan en sy bondgenote alles probeer om sy koms te laat misluk. Hoe het die magte nie teen Hom saamgespan nie? Selfs tot in die vloekdood van die kruis. Maar toe Hy opgestaan het, het Hy met sy triomftog begin en dit loop deur tot met sy wederkoms (Kol 2:14,15). Daarom is die 1000 jaar nie 'n vrederyk nie. Satan gee sy stuiptrekkings en gaan volgens 1 Petrus 5:8 soos 'n brullende leeu rond.

Maar hulle wat deel het aan die eerste opstanding, dit wil sê die wedergeborenes, hou vas aan die getuienis van Christus en regeer deur sy Woord saam met Christus. Voor sy wederkoms word die Satan losgemaak om die nasies in 'n massale mobilisasie vir die oorlog by Armageddon op te sweep. Nou is dit egter nog die tyd vir die verkondiging van die evangelie.

Elke Kersfeesviering moet ons laat uitsien na sy koms, maar ons tegelyk motiveer om betrokke te wees by die uitdra van die evangelie.

Sing: Psalm 68-1:8

Dagstukkies Almanak 2003